# 17 November 2023 - Lesing 178 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Laaste woorde van JaHshua aan die kruis – 5/12/60

**NO: 7764** Ek wil altyd aan julle gee wat julle begeer. Julle moet slegs ag gee op julle innerlike stem en sy sal julle volgens waarheid onderrig, omdat Ek wil dat julle vas in die waarheid staan en 'n duidelike beeld verkry:

My kruisiging het aan julle mense Verlossing gebring, **dit het julle vroeëre sondeskuld teniet gedoen**.

**Ek het as die mens JaHshua** die grootste kwellinge op My geneem en 'n bittere sterwe was My lot. Maar omdat Ek as God nie kon ly nie, het Ek 'n menslike omhulsel betrek wat in staat was om te ly en Wie ook die wil gehad het om vir Sy medemense te ly **om aan My geregtigheid genoegdoening te skenk,** om vir Sy gevalle broers die weg na My vry te maak.

Maar dit was Sy vrye wil. Hy was nie gedryf deur die Godheid in Hom tot Sy offer wat Hy aan My wou bring nie, ofskoon die Liefde, Wie Ek Self was, die rede was dat Hy hierdie wil opgebring het. Maar Ek Self het geen enkele dwang uitgeoefen op die wil van 'n mens en ook My Liefde dwing dit nie. **Maar wie liefde het, kan nie anders as dat sy uitstraal nie**.

En so ook het die mens JaHshua die liefde uitgestraal en daarmee wou Hy die mensdom maar gelukkig maak. Daarom wou Hy ook steeds alleen dit hê wat die mense kon help om salig te word. Die wil van die mens JaHshua was vry. **Maar Hy het Homself geheel aan My en My wil ondergeskik gemaak**. En so gebeur dit dat Sy wil nie anders gerig kon wees as Myne nie. Want die liefde in Hom was so sterk **dat sy haarself verenig het met die Ewige Liefde, Wie Ek Self was**. Dus was Ek Self in hom en Ek Self volbring in Hom die verlossingswerk.

En tog moes die mens JaHshua die laaste beslissing self tref, toe Hy die moeilikste gang aanvaar het, die weg na die kruis. En ofskoon Ek as die Ewige Liefde in Hom was, **trek My Gees Wie God is, Homself terug** d.w.s. die Liefde, die Gees, het Hom nie gedwing om so te handel nie. Hy het Homself stil gehou en laat die mens JaHshua **skynbaar alleen** in Sy worsteling.

En dit was die moeilikste, dat die mens JaHshua Homself alleen gevoel het in Sy nood en tog die weg gegaan het tot aan die einde. Hy was nie alleen nie, want ewig sou Ek My nie kon skei van Hom, Wie één met My geword het nie.

**Maar Ek het Myself nie meer geuiter nie,** omdat 'n oorgroot menslike lyding en marteling nodig was om die mensdom te bevry van die oerskuld wat die mens JaHshua bereidwillig was om op Homself te neem.

En daarom was die soenoffer 'n werk van die **mees barmhartigste liefde** gewees, wat ooit op aarde volbring was . En hierdie marteling het aangehou tot by Sy dood aan die kruis en laat Hom die woorde uitroep "***My God, my God, waarom het U My verlaat***".

**Ek was in Hom, maar Ek het Myself nie geuiter nie.** Maar dit was slegs die liggaam wat nog gely het, tot Sy siel My herken het, toe Hy roep, "***dit is volbring***" en "***Vader, in U hande gee Ek My Gees***".

Die liggaam het gely tot en met die einde en Ek moes in hierdie ure terugtrek anders sou Sy alreeds vergeestelikte siel **ook die liggaam ongevoelig gemaak het vir pyn**, omdat die Gees uit My nie kan ly nie. En die mens JaHshua het **alreeds die vergeesteliking van siel en liggaam bereik deur Sy lewenswandel op aarde**.

Maar die sin en die doel van Sy gang oor die aarde was die delging van die sondeskuld, wat slegs moontlik was **deur 'n ontsaglike groot mate van lyding**.

Daarom dus dat die Godheid teruggetrek het en die mens JaHshua oorgelaat het aan Sy beulsknegte, wat in opdrag van My teenstander waarlik die skandelikste werk uitgevoer het, omdat JaHshua dit Self so wou gehad het.

Want Sy siel het haarself aangebied om na die aarde af te daal om vir Sy gevalle broers die soenoffer te bring, vlees aan te neem om juis onmeetlike lyding en marteling op homself te neem, **omdat slegs 'n mens in staat was om te ly**.

En Ek het die offer aangeneem, **want die liefde het dit gebring, wat nooit afgeweer mag word nie**. En die liefde het in Hom gebly tot by Sy dood, al het sy ook nie meer haar krag laat voel nie. Dus moes Ek Self ook in Hom gewees het, ook wanneer Ek Myself stilgehou het, omdat die verlossingswerk Sy bekroning belewe het:

**Dat een Mens Homself laat kruisig het vir Sy medemense**, dat Hy waarlik 'n offer gebring het, sodat Ek dit as werk van versoening kon aanneem **vir die sondeskuld van die hele mensdom.** Geen Goddelike krag het vir Hom die offer ligter gemaak nie, omdat die Liefde Haarself stilgehou het, ofskoon Sy totaal van die mens JaHshua besit geneem het.

En dit is ook 'n misterie wat julle mense tot nou nog nie sal kan begryp nie. **Die mens JaHshua moes die diepste leed deurmaak**: Om Hom Self alleen en verlate te voel. En juis hierdie lyding het die skuld teniet gedaan, wat elke wese op homself gelaai het toe hy My verlaat het, **aan wie Ek slegs My hele Liefde geskenk het, Wie hulle verwerp het**.

Die mens JaHshua moes deur die bomate groot leed heengaan en daarom spreek hy die woorde "***My God, my God, waarom het U My verlaat"***.

Maar julle mense sal nooit die omvang van die Verlossingswerk kan besef solank julle op aarde is nie. Maar eens sal die skille van julle oë afval en julle sal My loof en prys sonder ophou. Want hierdie daad van Verlossing geld net vir julle. Julle almal mag deelneem aan die genade van die werk van Verlossing **en vir julle almal het die weg na My vry geword deur die werk van** verlossing. Amein.